Sinodale

# Vrouekonferensie

*'Skep 'n rein hart vir my'*

AANGEBIED DEUR TAAKSPAN VROUEBEDIENING



2023

**11** Februarie

NG Kerk
Vrystaat

# VERSLAG
## TAAKSPAN VROUEBEDIENING VRYSTAAT



### 1. Inleiding en agtergrond

Die tydperk van vier jaar, vanaf die vorige Sinodale Konferensie in 2019, sal gekenmerk word as 'n termyn met ongekende vaarwaters. Ons het wêreldwyd die Covid-19-pandemie beleef wat 'n ongekende invloed op ons lewenswyses gehad het. Nie net het die pandemie ons ontneem van ons normale gang van elke dag nie, maar ons ook uitgedaag om nuut te dink.

Verskeie vrouelidmate moes afskeid neem van geliefdes wat deur die dood van hulle weggeneem is. Ons moes ook vir dr Carin van Schalkwyk en Thea Bosman groet, wat ons as bestuur baie behulpsaam was.

Met die begin van ons termyn in 2019 het die rol van die Vrouebediening in die Vrystaat 'n nuwe wending aangeneem met die verteenwoordiging van Vrouelidmate op die Moderamen, asook die verteenwoordiging van die taakspanlede van die Kommissie vir Vrouelidmate op die verskillende bedieningseenhede.

Hierdie verteenwoordiging het aan Vrouelidmate nie net 'n stem in die leierskapstruktuur van die Vrystaat Sinode gegee nie, maar ook tot gevolg gehad dat eerstehandse inligting op grondvlak by die gemeente-vroue uitkom. Noue samewerking, met veral Engo, het reeds in die eerste jaar, waar hierdie venootskap ontstaan het, vrugte afgewerp.

| | |
|---|---|
| Voorsitter Vrouelidmate | **Béneli Pretorius** |
| Ondervoorsitter | **Elsabé du Plessis** |
| Sekretaresse | **Marietjie van der Merwe** |
| Addisionele lede | **Karin Kersop** |
| | **Maretha Gouws** |



### 2. Samewerking met Engo

Die voorsitter van die vrouebedieninge het verskeie geleenthede wat deur Engo aangebied is, persoonlik bygewoon.



## 2.1 *Vroeë-kind ontwikkelling*

Die fokus-area van die Algemene Sinode is dié van vroeë-kind ontwikkelling. Die Taakspan Vrouelidmate sien hierdie as een van die prioriteit-areas en het verskeie geleenthede in plek om die projek by gemeentes tuis te bring. Engo verskaf die hulpmiddels wat aan kleuterskole en speelgroepe beskikbaar gestel kan word en die Taakspan Vrouelidmate het dit by die jaarlikse toerustingskursus vir Vrouelidmate te Amanzi, bekendgestel. Personeel van Engo was daardie naweek teenwoordig om ook die bewusmakingsveldtog van die samewerking tussen Engo en die Vrouelidmate te beklemtoon.

## 2.2 *Lappoppe*

Engo het 'n gala-geleentheid ten bate van die Jeugsorgsentrums aangebied en 'n projek geloods waar gemeentes gevra is om 40 lappoppe te maak wat opgeveil sou word. Vrystaatse vrouelidmate gryp hierdie geleentheid aan en stuur 60 lappoppe vir die gala-geleentheid. Groot dank vir hierdie ondersteuning en samewerking aan Engo.



# 3. Droogtehulp | Bederfbokse vir Boervrouens

In Oktober 2019 loods die Taakspan Vrouelidmate 'n projek waar gemeentes gevra word om bederfbokse te pak vir die boervroue in die Noord-Kaap. Hierdie projek oortref alle verwagtinge en daar word tussen 3 000 tot 4 000 bokse by die Sinodale kantoor afgelaai. Gemeentes, instansies, individue - almal het bygedra om van hierdie projek 'n groot sukses te maak.

Op 19 November 2019 is hierdie bokse met Viking Vervoer na Carnarvon vervoer en het Béneli Pretorius, Thea Bosman en Anso Steyn die aflewering gedoen namens die vroue van die Vrystaat. 'n Geleentheid, gereël deur die Sinode van die Noord-Kaap saam met die Ring van Carnarvon met sewe (7) gemeentes teenwoordig (Van Wyksvlei, Williston, Vosburg, Strydenburg, Loxton, Brandvlei en Carnavon), het verteenwoordigers gehad wat die bederfbokse in ontvangs geneem het.

Ons het ervaar dat die Here waarlik teenwoordig was – die oomblik toe die eerste wa se deure oopgemaak word, het dit saggies begin reën! Mense het emosioneel rondgestaan en dankie gesê vir 'n gebaar van liefde van die vrouens in die Vrystaat aan die vroue van die Ring van Carnarvon. 'n Oomblik wat vir ons, wat dit aanskou het, te groot was om werklik te verwoord. Ons dank aan die vroue van die NG Kerk Vrystaat, die Sinode Vrystaat vir die ondersteuning en ook aan Viking Vervoer.



**Dit is voorwaar vir ons as bestuur 'n voorreg om die vroue in die Vrystaat te bedien.**

Mag ons as navolgers van Christus altyd in gedagte hou dat ons besig is om in Sy Koninkryk te werk tot Sy eer.

***Béneli Pretorius***
***Voorsitter*** *Taakspan Vrouebediening, Vrystaat*

## 4. Poppie-projek




Sedert 2014 brei die vroue van die NG Kerk Vrystaat poppies wat beskikbaar gestel word aan Engo en die Pregnancy Centre of Hope. In die tydperk 2015 tot 2018 was daar meer as 3 000 poppies aan hierdie instansies gelewer wat gebruik word vir meisies wat aborsies oorweeg, maar ook by skole. Die poppies vertel die storie van 'n meisie se liggaam en hoe sy uniek is en haar liggaam moet oppas.

## 5. Toerustingsgeleentheid vir Vrouelidmate | AMANZI

Die jaarlikse toerustingskursus vir Vrouelidmate het plaasgevind te Amanzi, Brandfort vanaf 14 tot 16 Februarie 2020. Die geleentheid was deur ongeveer 200 vroue van gemeentes regoor die Vrystaat bygewoon. Die spreker vir die geleentheid was dr Fredercik Marias van Communitas van die Wes-Kaapland Sinode.

In 2021 was daar nie 'n toerustingskursus aangebied nie as gevolg van die Covid-regulasies. In 2022 het daar wel 'n toerustingskursus plaasgevind vanaf 11 tot 13 Februarie 2022, waar proff Kobus Schoeman en Jan-Albert van den Berg as sprekers opgetree het.

Beide geleenthede was baie suksesvol. Die terugvoer wat ontvang is vanaf die vrouelidmate is 'n aanduiding dat hierdie 'n geleentheid is wat van groot waarde is om ons vrouelidmate toe te rus.

## 6. Ringskonferensies

Die Taakspan Vrouelidmate woon verskeie ringskonferensies by, waar daar eerstehands kennis geneem word van die werksaamhede wat in die onderskeie gemeentes in die Vrystaat plaasvind.

TAAKSPAN
**VROUEBEDIENING**

# Liewe Vroue
## *van die Vrystaat*



Ons wil graag hulde bring aan elke vrou wat op haar onderskeie manier 'n bydrae lewer in die gemeente, asook in die samelewing. Vrouens kan nie in boksies gesit word nie, elke vrou is uniek geskep na die beeld van God en daarom is sy genoeg. Sy kan haar roeping op verskeie maniere uitleef met waagmoed, dapperheid, deernis en wysheid.

Alhoewel die wêreld daar buite 'n verwagting skep waaraan vroue moet voldoen, hoef sy nie aan die volmaakte beeld te voldoen nie. Sy kan met vrymoedigheid haar drome uitleef omdat die Een, wat liefde en genade beliggaam, die wêreld in Sy hande hou. Elke vrou bring iets uniek na die tafel wat kosbaar en waardevol is.

Ons is geskep met unieke eienskappe wat ons moet gebruik om ons rol te vervul. Vroue ervaar dinge met hart en siel wat 'n ander dinamika na die tafel bring.

Sy stuit vir niks en hanteer situasies met krag en deernis. Sy kan vanuit 'n paar bestanddele 'n koningsmaal optower. Party vroue is beskore om lewe in die wêreld te bring, wat sy met onvoorwaardelike liefde grootmaak. Indien 'n vrou in 'n saak glo, sal sy veg daarvoor in 'n opregte en meedoënlose wyse.

Mag ons vandag dink aan die vroue wat 'n besondere rol gespeel het in hulle lewens en aan hulle hulde bring.

**Te danke aan jóú, kosbare vrou** – van die **spieëltafel** waar jy, pragtige vrou, moeite doen.
Na die **kombuistafel** waar jy, mamma, die heerlikste disse voorsit.
Na die **koffietafel** waar jy, hartsvriendin, luister na my seer en vreugdes.
Na die **klaskamer** waar jy, onderwyseres, ons kinders toerus met vaardighede vir die lewe.
Na die **raadstafel** waar jy, leier, wyse besluite neem.
Na die **teatertafel** waar jy, dokter/verpleegster, met sorg jou pasiënte opereer en versorg.
Na die **draadtafel** in die tuin waar jy, liefdevolle ouma, ons bederf met stories.
Tot by die **nagmaaltafel** waar jy, dominee, saam met my bid tot ons Hemelse Vader.

Te danke aan jóú, kosbare vrou, wat jouself na die tafel toe bring – weet ek hoe lyk opregte, onvoorwaardelike liefde en empatie vir haar medemens. Te danke aan jóú, kosbare vrou, weet ek waar om my krag vir elke dag te kry.

**Ons eer elke vrou vir wie sy is!**

# NOTAS

KERNKONSEPTE

FOKUSPUNTE

“SKEP 'N REIN HART VIR MY, O GOD, VERNUWE 'N BESTENDIGE GEES IN MY BINNESTE.”

**PSALM 51:12 (AFR20)**

# Program

**07:00** Registrasie
Koffie en tee met verversings

**08:30** Opening en Konstituering | ***Ds Jan Lubbe***

**09:00** Verwelkoming
Bekendstelling van Taakspan Vrouebediening

**09:15** Lofprysing
***Universitas Geloofsentrum Musiekgroep***

**09:40** Spreker | ***Dr Stephan Joubert***

**10:40** Koffie en tee met verversings

**11:15** Lofprysing
***Universitas Geloofsentrum Musiekgroep***

**11:30** Spreker | ***Dr Stephan Joubert***

**12:30** Pregnancy Crisis of Centre
***Mev Charmaine Swart***

**12:40** Bybelgenootskap
***Dr Elrika Senekal-Van den Berg***

**12:50** Diens van Barmhartigheid
***Ds Hannes du Plessis***

**13:00** Gemeenskapsprojek: Herwinning
***Mev Hannetjie Nel***

**13:10** Algemeen

**13:20** Bedankings en Afsluiting



*Mag elkeen van julle jul lig laat skyn, hoop bring en 'n verskil maak in jou gesin en gemeente.*

***Ry veilig terug***

NG Kerk Vrystaat

© 2023 | NG Kerk Vrystaat